THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant

Vol. 15 PRETORIA, 30 JANUARY JANUARIE 2009 No. 22

CONTENTS • INHOUD

No.		Page No.	Gazette No.
	LOCAL AUTHORITY NOTICES		
131	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Mogale City Local Municipality: Declaation as an approved township: Muldersway	3	22
132	do.: do.: Krugersdorp Amendment Scheme 922	7	22

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 131

MOGALE CITY LOCAL MUNICIPALITY

DECLARATION OF MULDERSWAY AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Mogale City Local Municipality hereby declares the township **Muldersway** to be an approved Township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto:

SCHEDULE

STATEMENT OF THE FINAL CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION DONE BY ANTONAKIS ANTONIADES (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT / TOWNSHIP OWNER) IN TERMS OF THE PROVISIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 532 (A PORTION OF PORTION 154) OF THE FARM RIETFONTEIN 189 IQ AND PORTION 88 (A PORTION OF PORTION 76) OF THE FARM DRIEFONTEIN 179 IQ, HAS BEEN APPROVED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township is **Muldersway.**

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on **General Plan SG No. 2292/2002.**

1.3 ENGINEERING SERVICES

The township owner shall, when he plans to provide the town with engineering and essential services:

(i) Classify every engineering service to be provided for the township in terms of section 116 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, by agreement with the local government as internal or external engineering services;

(ii) Install services to the satisfaction of the local government and for this purpose all relevant reports, plans and specifications as required by the local government must be submitted;

(iii) Negotiate with the local government the costs for the provision of external and internal engineering services in accordance with the provisions of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986.

1.4 DISPOSAL OF EXISTING TITLE CONDITIONS

All erven shall be subject to the existing conditions of title and servitudes, including mineral rights, if any.

1.5 REMOVAL OF REFUSE

The township owner shall at his own expense remove refuse and rubble in the township to the satisfaction of the local government, if and when required by local government.

1.6 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.7 RELOCATION OF POWERLINES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any ESKOM power lines, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.8 RELOCATION OF TELKOM EQUIPMENT

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any TELKOM service lines, the cost thereof shall be borne by the township owner.

2. CONDITIONS OF TITLE

CONDITIONS IMPOSED BY THE LOCAL GOVERNMENT IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986):

2.1 ALL ERVEN

(a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local government, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 metres wide accross the access portion of the erf, if and when required by the local government, provided that the local government may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.

(c) The local government shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its descretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local government.

(d) Proposals to overcome possible detrimental soil conditions to the satisfaction of the local government must be included in the building plans and buildings must be erected in accordance with the precautionary measures indicated in the geotechnical soil survey and accepted by the local government.

2.2 ERF 1

The erf is subject to a 13 metre right of way servitude on the northern boundary thereof, in favour of the Remainder of Portion 69 (a portion of Portion 68) and Portion 398 of the farm Rietfontein 189 IQ, as indicated on the General Plan of the township.

2.3 ERF 2

A right of way servitude shall be registered and maintained in favour of the erf, over the Remainder of Portion 4 of the farm Driefontein 179 IQ, for access purposes.

The erf is further subject to a servitude, 19 metres wide as indicated on the General Plan of the township, in favour of Eskom, along the southern boundary thereof, as indicated on the General Plan of the township.

2.4 ERF 4

The erf is subject to a right of way servitude in favour of Erf 1 and Portion 398 as well as Portion 69 (a portion of Portion 68) of the farm Rietfontein 189 IQ.

A 13 metre wide servitude over the Remainder of Portion 4 of the farm Driefontein 179 IQ, for access purposes, must be registered in favour of Erven 2, 3 and 4 in the township and Portion 398 as well as Portion 69 (a portion of Portion 68) of the farm Rietfontein 189 IQ.

D M MASHITISHO
MUNICIPAL MANAGER

28 November 2008
(Notice No.41/2008)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 131

MOGALE CITY PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

VERKLARING VAN MULDERSWAY TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Mogale City Plaaslike Munisipaliteit hierby die dorp **Muldersway** tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae:

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ANTONAKIS ANTONIADES (HIERIN NA VERWYS AS DIE DORPSTIGTER), INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNASIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 532 ('n GEDEELTE VAN GEDEELTE 154) VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN 189 IQ EN GEDEELTE 88 ('n GEDEELTE VAN GEDEELTE 76) VAN DIE PLAAS DRIEFONTEIN 179 IQ, GOEDGEKEUR IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 NAAM

Die naam van die dorp is **Muldersway.**

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op **Algemene Plan LG No 2292/2002.**

1.3 INGENIEURSDIENSTE

Die dorpseienaar sal, wanneer hy die dorp van ingenieursdienste wil voorsien:

(i) Elke ingenieursdiens wat in die dorp voorsien moet word klassifiseer as interne- of eksterne ingenieursdienste in terme van artikel 116 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, soos ooreengekom met die plaaslike regering;

(ii) Alle dienste installeer tot bevrediging van die plaaslike regering en vir hierdie doel moet alle verslae, planne en spesifikasies wat die plaaslike regering vereis, ingedien word.

(iii) Met die plaaslike regering onderhandel ten opsigte van die kostes vir die voorsiening van eksterne en interne ingenieursdienste ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

1.4 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande titelvoorwaardes en serwitute, insluitend die regte op minerale, indien enige.

1.5 VERWYDERING VAN VASTE AFVAL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle vaste afval en rommel binne die dorp laat verwyder tot bevrediging van die plaaslike regering, soos en wanneer die plaaslike regering dit mag vereis.

1.6 VERSKUIWING OF VERVANGING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien die stigting van die dorp daartoe sou lei dat munisipale dienste verskuif of vervang moet word sal die koste van sodanige verskuiwing of vervanging deur die dorpseienaar gedra word.

1.7 VERSKUIWING VAN KRAGLYNE

Indien die stigting van die dorp daartoe sou lei dat ESKOM kraglyne verskuif of vervang moet word sal die dorpseienaar verantwoordelik wees vir alle kostes daaraan verbonde.

1.8 VERSKUIWING TELKOM TOERUSTING

Indien die stigting van die dorp daartoe sou lei dat TELKOM toerusting of dienste verskuif moet word sal die dorpseienaar verantwoordelik wees vir alle kostes daaraan verbonde.

2. TITELVOORWAARDES

VOORWAARDES NEERGELê DEUR DIE PLAASLIKE REGERING IN TERME VAN DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986):

2.1 ALLE ERWE

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 meter breed, vir riolering en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike regering langs enige twee grense, uitgesondered 'n straatgrens en in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes twee meter breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike regering: Met dien verstande dat die plaaslike regering van sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike regering is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleididings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike regering geregtig tot redelike toegang tot die genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike regering enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(d) Voorstelle om moontlike nadelige grondtoestande te oorkom moet ingesluit wees in die bouplanne en geboue moet opgerig in ooreenstemming met die voorkomende maatreels aangedui in die geotegniese bodemverslag soos deur die plaaslike regering goedgekeur.

2.2 ERF 1

Die erf is onderworpe aan 'n reg-van-weg serwituut, 13 meter wyd, op die noordelike grens daarvan, ten gunste van die Restant van Gedeelte 69 ('n gedeelte van Gedeelte 68) en Gedeelte 398 van die plaas Rietfontein 189 IQ, soos aangetoon op die Algemene Plan van die dorp.

2.3 ERF 2

'n Reg-van-weg serwituut moet geregistreer en in stand gehou word ten gusnte van die erf oor die Restant van Gedeelte 4 van die Plaas Driefontein 179 IQ vir toegangsdoeleindes.

Die erf is verder onderworpe aan 'n 19 meter wye serwituut op die suidelike grens daarvan, ten gunste van Eskom, soos aangetoon op die Algemene Plan van die dorp.

2.4 ERF 4

Die erf is onderworpe aan 'n reg-van-weg serwituut ten gunste van Erf 1 en Gedeelte 398 asook Gedeelte 69 ('n gedeelte van Gedeelte 68) van die plaas Rietfontein 189 IQ.

'n Serwituut vir toegangsdoeleindes, 13 meter wyd, moet oor die Restant van Gedeelte 4 van die plaas Driefontein 179 geregistreer word ten gunste van Erwe 2, 3 en 4 in die dorp asook Gedeelte 398 en Gedeelte 69 ('n gedeelte van Gedeelte 68) van die plaas Rietfontein 189 IQ.

D M MASHITISHO
MUNISIPALE BESTUURDER

28 November 2008
(Kennisgewing No.41/2008)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 132

MOGALE CITY LOCAL MUNICIPALITY

KRUGERSDORP AMENDMENT SCHEME 922

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125(1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Mogale City Local Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township **Muldersway** being an amendment of the Krugerdorp Town Planning Scheme, 1980.

The Map 3 documents and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Municipal Manager of the Mogale City Local Municipality and the Director General: Gauteng Provincial Government, Department of Development Planning and Local Government, Corner House, Marshalltown, and are open for inspection during normal office hours.

This amendment scheme is known as Krugersdorp **Amendment Scheme 922.**

D M MASHITISHO
MUNICIPAL MANAGER

28 November 2008
(Notice No. 42/2008)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 132

MOGALE CITY PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

KRUGERSDORP WYSIGINGSKEMA 922

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Mogale City Plaaslike Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp **Muldersway** synde 'n wysiging van die Krugersdorp Dorpsbeplanningskema, 1980, goedgekeur het.

Die Kaart 3 dokumentasie en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Munisipale Bestuurder van die Mogale City Plaaslike Munisipaliteit en die Direkteur-generaal : Gauteng Provinsiale Regering, Departement Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, Corner House, Marshalltown, gehou en is gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Krugersdorp **Wysigingskema 922**

D M MASHITISHO
MUNISIPALE BESTUURDER

28 November 2008
(Kennisgewing No. 42/2008)